CURAMUS

VERENIGING VIR TUISONDERWYS / ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Voorsitterverslag

Tydens die laaste AJV is die bestuur gevra om ‘n strategie vir die VTO uit te werk en gebasseer daarop ‘n voorstel te formuleer vir die hersiening van ledegelde. Bestuurslede het heelwat informele gesprekke oor die onderwerp gehad. Op ‘n bestuursvergadering op 22 April het die bestuur ooreengekom op ‘n strategie vir die VTO en uitvloeiend daaruit ‘n voorstel om ledegelde af te skaf. Gebasseer hierop, het die bestuur ‘n mosie ingedien by die AJV van 2005.

Na aanleiding van die stigting van ‘n belangegroep, “Vaders vir oppergesag van die reg”, het die VTO op 6 Januarie ‘n mediaverklaring uitgereik. Hierin het die VTO sy kommer uitgespreek teen die uitgesproke intensie van die staat om tuisonderwys te gebruik om die waardes van die staat aan die volgende geslag oor te dra, en sy ondersteuning vir die belangegroep uitgespreek. Hierdie belangegroep is ook ge-assosieer met die VTO.

Die uitreik van die mediaverklaring het gelei tot die publikasie van ‘n berig oor tuisonderwys in die Dispatch in Oos Londen op 10 Januarie geskryf deur Gavin de Villiers.

‘n Tweede belangegroep wat gesassosieer is by die VTO is ARTO (Aksie Reformatoriese TuisOnderwys). Hierdie belangegroep beywer hulle vir die bevordering van tuisonderwys onder lidmate van gereformeerde kerke.

Na aanleiding van ‘n oproep van Chris Klicka oor die vervolging van ouers wat tuisonderwys gee in Paderborn, Duitsland, het die VTO ‘n brief gerig aan die Duitse ambassade op 14 Januarie. Hierin word die voordele van tuisonderwys uiteengesit, en die Duitse regering versoek om die vervolging van die ouers te staak. Hierdie brief is ook enkele dae later opgevolg deur ‘n telefoon oproep aan die Duitse ambassade, waartydens die voorsitter met die attache vir onderwys kon praat.

Einde Oktober was die VTO aangehaal in ‘n artikel wat geplaas is in Die Burger en Die Beeld, deur Alet Rademeyer. Die artikel het gehandel oor Afrikaanse kinders wat die skoolstelsel verlaat het en tans onderwys kry in privaatskole en tuisonderwys.